STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

# NUUSBRIEF IPHEPHANDABA NEWSLETTER

**UITGAWE 66- 2020 • EDITION 66- 2020**

# *Van die Burgemeester*
# *From the Mayor*

Liewe Inwoners

**COVID-19**

***Ai , ek weet almal sug al as hulle die woorde pandemie, COVID of selfs net virus hoor, maar ons moet steeds waaksaam wees. Dis nogal ontstellend hoeveel mense wat ek goed ken, wel baie siek geraak het van die virus. Nou met die Feesseisoen, is ons geneig om baie tyd saam met groot groepe vriende en familie te spandeer. Ek wil u egter herinner om asseblief alle nodige voorsorgmaatreëls te tref vir enige sulke geleenthede. Dra u maskers, reinig/was gereeld u hande en reinig ook alle oppervlakte waarmee baie mense gereeld kontak het. Handhaaf ook sosiale afstand soveel as moontlik en indien die weer dit toelaat, hou byeenkomste buite of in goed geventileerde vertrekke. Die realiteit is dat COVID-19 nog nie verby is nie.***

Ek weet ook dat die warmer weer dit baie ongemaklik maak om 'n masker te dra, maar as ons nie aanhou om al die voorsorgmaatreëls na te kom nie, kan Suid-Afrika se infeksiekoers weer toeneem en kan ons moontlik strenger inperkingsmaatreëls in die gesig staar. Onthou om 'n masker so te dra dat u neus en mond toe is. 'n Masker wat onder die neus hang, beskerm ongelukkig niemand nie.

COVID-19 het reeds ons jaar ontwrig, en om te keer dat dit ons Feesseisoen ontwrig, moet ons almal saam werk om mekaar te beskerm asook ons vriende en familie.

Dear Residents,

**COVID-19**

***I know, I know, everyone is tired of hearing about the pandemic. Just the words "COVID" or "virus" makes people sigh, but it is important for us to remain vigilant. It is very upsetting to me to see the number of people that I know well, who became very ill because of this virus. During the Festive Season, we tend to spend a lot of time with larger groups of family and friends. However, I want to remind you to please adhere to all the necessary precautionary measures when you attend or organise an event. Please wear masks, sanitise or wash your hands and any surfaces people are in frequent contact with regularly. Please maintain social distancing where possible and have events in well ventilated or outdoor spaces, weather permitting. The reality is that COVID-19 is not yet gone.***

I know that with the warmer weather it is very uncomfortable to wear a mask, but if we do not adhere to the precautionary measures, South Africa's rate of infection could increase and we could possibly face another strict lockdown. Please wear your mask over your nose and mouth. A mask that does not fully cover your mouth and nose, unfortunately protects no one.

COVID-19 has disrupted our year and to prevent it from interrupting our Festive Season, we must cooperate and work together to protect ourselves and our loved ones.



Adv. Gesie van Deventer
*UitvoerendeBurgemeester/*
*Executive Mayor*
**021 808 8002**
mayor@stellenbosch.gov.za

**SPAAR WATER**
**SAVE WATER**

**Let's Fix It**

**Please report all** water, electrical, roads, stormwater, refuse removal and area cleaning issues to the Municipality directly:

**Stellenbosch / Klapmuts / Kayamandi / Jamestown / Raithby**
021 808 8215 / 8953 / 8343

**Dwarsrivier Region / Franschhoek**
021 808 8632

**AFTER HOURS FOR ALL REGIONS**
021 808 8890 / 8891

Alternatively, send an email to engineering.services@stellenbosch.gov.za or ***WhatsApp*** us on **0769510768**

**If we don't know about it, we cannot fix it!**

STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

**2020**

Niemand kon voorspel hoe hierdie jaar sou afspeel nie. Dit het ons egter nie van stryk gebring nie en ons het aanhou werk om ons beste te gee vir ons inwoners en gemeenskappe.

Een van die grootste projekte wat ons hierdie jaar geopen het was ons nuwe rioolsuiweringsaanleg. Die opening van die aanleg was 'n groot hoogtepunt vir my as Burgemeester. Aan die begin van ons Raadstermyn in 2016, kon die destydse fasiliteit nie meer aan die behoeftes van die dorp voldoen nie. Ons het dus aan die werk gespring en die resultaat was 'n moderne aanleg toegerus met die nuutste tegnologie. Die nuwe aanleg is werklik 'n indrukwekkende fasiliteit en een van die grootste rioolaansuiweringswerke in die land. Die verwerkte water is weer heeltemal bruikbaar.

Terwyl ek besig was met die nuusbrief, het ek dan ook verneem dat ons rioolsuiweringsaanleg die nasionale CESA 2020 toekenning gekry as die kategoriewenner vir projekte tussen R250 miljoen en R1 Miljard. Ek wil graag dankie sê vir al ons amptenare wat hieraan gewerk het, maar veral aan al ons inwoners wat so geduldig gewag het vir die opgraderings. Ek weet hoeveel mense gekla het oor die situasie, maar tog het almal ons tyd gegun om dit reg te maak. Ons waardeer u vir die wonderlike inwoners wat u is. Nou is Franschhoek se rioolwerke, wat 'n tegniese nagmerrie is, ons volgende prioriteit. Ons hoop om dit ook uit te sorteer, al is geld na COVID baie skaars.

Met die uitbreek van die pandemie het ons baie hard gewerk om seker te maak dat alle openbare spasies soos sypaadjies, taxi-staanplekke en openbare spasies behoorlik skoongemaak word om 'n moontlike uitbraak van die COVID-19 virus te voorkom. Ons het ook nou saam gewerk met verskeie vennote insluitend die Universiteit, Visit Stellenbosch, SCAN en die Greater Stellenbosch Development Trust, om Stellenbosch Unite te vorm wat veral gefokus het om inwoners wat die ergste geraak is deur die inperking by te staan. Die Munisipaliteit het R1,2miljoen beskikbaar gemaak wat gebruik is om kospakkies, (vouchers) en voedingsprogramme gedurende die inperking beskikbaar te maak aan ons hulpbehoewende inwoners.

Ons het ook saam met ons vennote en ander rolspelers in die dorp gewerk om ons ekonomie weer oop te maak en ons besighede aan die gang te kry. Ons het verskeie aanlyn gesprekke gevoer met besigheidsbelange in die dorp en deurlopend ons ondersteuning gebied om die impak van COVID-19 op ons dorpe, inwoners en besighede te beperk.

**Titelaktes**

Gedurende die jaar het ons ook aangehou met ons programme om titelaktes oor te dra aan inwoners, ten spyte van COVID-19. Alhoewel die pandemie ons verhoed het om die geleenthede saam met die inwoners te vier, het ons tog probeer om moeite te doen met ons inwoners, omdat dit so 'n groot en

**2020**

Noone could have predicted how this year would play out and the challenges it would present us with. We however didn't let it stop usand we continued to work and do our best for our residents and communities.

One of the largest projects we opened this year was the new Waste Water Treatment works. The opening of the treatment works was a significant highlight for me as mayor. At the start of my term of office in 2016, the then existing facility had reached capacity and could no longer cater to the needs of the community. We therefore began work immediately and the result was a modern facility equipped with the newest technology. The new facility is truly impressive and one of the largest waste water treatment works in the country. The processed water is also completely reusable.

While I was busy with this newsletter, I also learnt that our waste water treatment works received the national CESA 2020 award for projects between R250 million and R1 Billion. I want to thank all our officials who have worked on it, but also our residents who have been waiting so patiently for the upgrades. I know how many people complained about the situation, but everyone did allow us the time to correct the situation. We appreciate you for the wonderful residents you are. Now it is the turn of the Franschhoek waste water treatment facility. It is a technical nightmare but a priority. We hope to have it sorted out soon, even though finances are tight due to COVID.

With the outbreak of the pandemic we worked very hard to make sure public spaces like side-walks, taxi ranks and public areas were properly cleaned to limit the spread of the COVID-19 virus. We also worked closely with various partners including the University, Visit Stellenbosch, SCAN and the Greater Stellenbosch Development Trust to create Stellenbosch Unite which focussed on supporting residents who were the most severely impacted by the lockdown due to the virus. The Municipality made R1,2 million available to be used for food parcels (Vouchers) and feeding programs during the lockdown to aid those in need.

We also worked with our partners and other stakeholders in town to open up our economy and to kick-start our businesses again. We conducted various online discussions with interested parties in town and we continuously offered our support to minimize the impact of COVID-19 on our towns, residents and businesses as much as possible.

**Title deeds**

During the year we also continued with our programme to hand over title deeds to residents, despite the challenges brought on by COVID-19. Although the pandemic prevented us from celebrating these events with our residents, we still tried to make an effort because it is such

belangrike geleentheid vir hulle is. Minister Tertius Simmers, het ons kom help om in Oktober ‘n verdere 16 titelaktes te oorhandig in Pniel. Hierdie historiese titelaktes vorm deel van my belofte wat ek in 2016 gemaak het om die agterstand van oordra van titelaktes uit te wis.

Vir die geleentheid in Pniel het ons in persoon na die huise van inwoners gegaan om die titelaktes te oorhandig. Ek was so geraak deur die inwoners se stories. Een storie wat my baie geraak het was die van Mnr en Mev Daniels, wat meer as 32 jaar moes wag vir hul titelakte. Mnr Daniels het self die huis gebou waarin hulle vandag bly en Mev Daniels het hard gewerk om seker te maak hulle ontvang hulle titelakte wat hulle die bewys en reg van eienaarskap gee. Die grond is destyds aan hulle bewillig vir behuising deur oud-President FW de Klerk, en sedertdien het sy met verskeie regeringsleiers gepraat om seker te maak hulle ontvang hul titelakte. Dit was vir my dus ‘n groot voorreg en plesier om dit uiteindelik aan Mnr en Mev Daniels te oorhandig.

**Franschhoek Mark**

Dit was ‘n groot vreugde vir  my toe ons uiteindelik die nuutgeboude markspasie aan die informele handelaars van Franschhoek kon oorhandig. Vir meer as 15 jaar word daar reeds handel gedryf in handwerk en kuns goedere langs die Munisipale Kantore in Franschhoek. Die bedryf het reuse potensiaal om inkomste te genereer vir inwoners. Voorheen kon enigeen ʼn permit bekom en daar was geen  reëls en regulasies neergelê nie wat uiters problematies was.

‘n Netjiese perseel is  noodsaaklik vir goeie besigheid en daarom het ons in 2017 besluit om die bestaande perseel op te gradeer. Konstruksie het in Junie 2018 begin en dit is binne 18 maande voltooi. Daarna is geadverteer vir handelaars en het ‘n keuringsproses gevolg vir alle aansoekers wat die spasie wil gebruik om seker te maak ons skep ‘n volhoubare besigheidsomgewing in lyn met ons ekonomiese ontwikkelingsbeleid. Die beleid vereis dat al die handelaars onderworpe is aan die reëls en regulasies sodat almal ‘n gelyke en regverdige kans kry om besigheid te doen by die mark. Voorkeur word gegee aan inwoners van Franschhoek, handelaars wat net in Franschhoek besigheid doen en die volhoubaarheid van die produkte en ware word ook in ag geneem.

Die nuwe markspasie skep ‘n veiliger en aangename omgewing vir handelaars en besoekers. Ek het ook onderneem om nou te help om vir die handelaars opleiding te kry in sake praktyk en te help om aanvangskapitaal te verkry. Enige kennis en bydraes van die publiek sal waardeer word.

Ek wil vra dat u hul sal ondersteun. Hulle het baie swaar gekry tydens COVID en hul het regtig fantastiese produkte. Koop asseblief u kersgeskenke daar en help ons eie mense om ekonomies te oorleef. Ek weet waar ek my kersgeskenke gaan kry!

an important event. . Minister Tertius Simmers also visited us in October to hand over an additional 16 title deeds in Pniel. These historical title deeds form part of my promise I made in 2016 to erase the backlog of title deeds.

For this event we went to people’s homes in-person to hand over title deeds. I was so touched by the stories of these residents. One story that truly touched me was that of Mr and Mrs Daniels, who waited more than 32 years for their title deed. Mr Daniels built the house himself and Mrs Daniels worked hard to make sure they receive their title deed that serves as proof of their ownership. The land was given to them for housing some time ago by former President FW de Klerk, and since then, Mrs Daniels had to talk with various government leaders to make sure they get their title deed. It was my great honour and pleasure to hand over this document to them.

**Franschhoek Market**

It was a great pleasure for me when we handed over our newly built marketplace for informal traders in Franschhoek.  An informal market has existed next to the Municipal Offices in Franschhoek for more than 15 years. This industry has the potential to generate significant income for residents.  In the past, anyone could obtain a permit and there were no rules or regulations which was extremely problematic.

A neat space is essential for good business and that is why in 2017 we decided to upgrade the existing space.  Construction began in June 2018 and it took 18 months to complete. The spaces were then advertised for traders and a selection process followed for all applicants who wanted to use these spaces to ensure a sustainable business environment is created in line with our economic development policy.  The policy requires that all traders adhere to the rules and regulations so that everyone has a fair and equal chance to do business at the market. Preference is given to residents of Franschhoek, traders that only operate in Franschhoek and the sustainability of the products and goods offered.

The new market space creates a safer and more pleasant environment for traders and visitors. I have also undertaken to assist the traders with business practice training and to help them find start-up capital. Any person who wants to help by sharing knowledge is most welcome.

I want to ask you to please support them. They have suffred a lot during COVID and they truly have fantastic products. Please buy your Christmas presents there and help our own people to economically survive. I know where I will be buying my Christmas presents!

**Road Safety**

During the Festive Season, many of us go on holiday. Please drive carefully and be patient. To those who travel long distances by car please be careful. Make sure your vehicle is

**Padveiligheid**

Met die Feestyd gaan baie van ons met vakansie. Bestuur asseblief geduldig en versigtig. Veral die van u wat op die langpad gaan , wees asseblief versigtig. Maak seker u motor is padvaardig voor u vertrek en u motorlisensie op datum. Kom asseblief veilig terug. Elkeen van u is kosbaar vir ons.

As deel van die nasionale en provinsiale veldtogte vir padveiligheid sal ons eie verkeersdepartement ook deurentyd aan diens wees om seker te maak die paaie is veilig vir motoriste en voetgangers. Namens die hele gemeenskap wil ek hulle opreg bedank vir die harde werk wat hulle gedurende die feestyd doen. Julle opofferings spaar baie lewens en ons is baie dankbaar vir wat julle doen.

**Kersfees en Nuwe Jaar**

En sien daar, dis Kersfees en die einde van 2020! Die jaar sal beslis in die anale opgeteken word as een van die mees ongewone jare in 'n baie lang tyd. Ek is doodseker dat almal hulle eie staaltjies en stories gaan hê oor die jaar wat ons net by die huis kon bly. Ek hoop egter dat u die goeie sal onthou, veral die tyd van samesyn met familie. Die jaar het beslis ons perspektief verander oor wat werklik belangrik is in die lewe.

Aan almal wat die Feestyd, Kersfees en Hanukkah gaan vier wens ek 'n tyd van vrede en liefde toe. Mag dit 'n geseënde Feesseisoen wees saam met u geliefdes.

Ons hou aan met ons werk dwarsdeur die Feesseisoen en wil u herinner dat as u enige probleme wil aanmeld kan u gerus vir ons 'n WhatsApp stuur na 076 951 0768.

Volgende jaar belowe om baie opwinding in te hou met die plaaslike regeringsverkiesings wat gaan plaasvind.

Wees asseblief veilig. Geseënde Kersfees. Ek kan nie wag om met u te gesels in 2021 nie!

*Beste Wense*
*Burgemeester Gesie*

roadworthy before you depart and ensure that your vehicle licence is up to date. Please come back safely, you are all precious to us.

Our own traffic officials will be on duty throughout the festive season, as part of the national and provincial campaigns for road safety. On behalf of our entire community I want to thank them for their hard work during the festive season, making sure passengers and pedestrians are safe. Your sacrifice saves lives and we are very grateful for what you are doing.

**Christmas and New Year**

And here it is, Christmas 2020! This year will definitely go down in history as one of the most unusual years in a very long time. I am sure that everyone will have their own stories and tales about this past year and the time we all spent confined to our homes. I do however hope that you will remember the good, especially the time with family and loved ones. This year definitely changed our perspectives about what is truly important in life.

To all who celebrate this Festive Season, Christmas and Hanukkah, may you have a blessed time filled with love and peace. May this be a wondeful Festive Season with your loved ones.

Please remember that we continue to work throughout the Festive Season and if you have any problems, please report it to our WhatsApp line on 0769510768.

Next year promises to be an exciting one with the local government elections that will take place.

Please be safe. Merry Christmas! I look forward to writing to you again in 2021.

*Best Wishes*
*Mayor Gesie*